# Beknopte Bybelse begronding van die doop van die kinders van gelowiges

Verskille oor die doop loop nog altyd sterk deur die kerk. Hieroor kan boekdele geskryf word, maar hierdie is ‘n poging om in ‘n paar bladsye die Bybelse geldigheid van die doop van die kinders van gelowiges te motiveer. Ons sal konsentreer op die sake waaroor ons van gelowige belydenisdopers verskil. Oor die doopmetode, en veral wat presies by die doop van ‘n kind beloof word, sal apart gehandel word. Kortliks kan ek net sê dat ons oortuig is dat doop deur besprinkeling die Bybelse metode is. Verder glo ons dat die doop die teken van God se belofte aan die kind is dat hy, as hy glo, gered sal word. Ons verwerp dus die idee van die veronderstelde wedergeboorte, dws dat alle gedoopte kinders noodwendig gered sal word.

Vroeg in die Ou Testament sluit die Here met Abraham ‘n verbond met as teken die besnydenis. Dit word beskryf as ‘n ewige verbond, en hou beloftes in vir Abraham, sy nageslag en alle nasies. Die inhoud van die beloftes aan Abraham en sy nageslag kan kortliks saamgevat word as: Ek sal vir julle ‘n God wees, en julle moet vir my ‘n volk wees (Gen.12, 15 & 17). Dit is hierdie beloftes wat die Here aan Abrahm met ‘n eed bekragtig het. Dat dit inderdaad ‘n ewige verbond is, sien ons in die weerklank daarvan deur die hele Bybel tot in Openbaring 21:3. Gen. 15:6 sê dan uitdruklik dat Abraham God geglo het, en dat hierdie **geloof in God** vir hom tot geregtigheid gereken is. Die teken van inlywing in hierdie verbond was die besnydenis. Belangrik is dat Abraham besny is nadat hy geglo het, maar dat sy nageslag, inderdaad almal wat onder sy gesag gestaan het, kinders en sy slawe met húlle kinders, besny is voordat hulle geglo het. Dit sluit Ismael in, wat, sover ons weet, verlore is.

Later sluit die Here met Abraham se nageslag, die volk Israel, die verbond by Sinaï. Hierdie verbond word nie as ewig aangedui nie. Let op dat God die tien gebooie afgekondig het voordat die Sinaïverbond in Exodus 24 gesluit is. Alhoewel die tien gebooie dus ‘n besondere rol binne die Sinaïverbond speel, is die rol daarvan nie beperk tot die Sinaïverbond nie. Dit is ‘n genade verbond. Die hou van die gebooie is nie ‘n voorwaarde vir redding nie, maar word gegee nadat die volk reeds uit Egipte gered is. Dit sê hoe die geredde volk van God behoort te lewe. Dit sluit ook talle offers in vir vergifnis en versoening waar dit wet oortree word en besonderlik ook die tabernakel as uitbeelding van God se genadige verlossing.

In Jeremia 31:31-34 belowe die Here ‘n nuwe verbond, nie soos die verbond wat Hy met Israel gesluit het toe hy hulle uit Egipte gelei het, dws nie soos die Sinaïverbond nie. In dié verbond sal die wet nie op kliptafels geskryf wees nie, maar deur die Heilige Gees op die tafels van die gelowiges se harte. Heb. 8:6-13 verwys ook na die nuwe verbond en dui die verbond wat oud geword aan as die Sinaïverbond. Die nuwe verbond kom dus in die plek van die Sinaïverbond, maar nie in die plek van die Abrahamverbond nie. In Jer. 31:33 kry ons spesifiek die formule van die Abrahamverbond as God sê dat Hy vir hulle ‘n God sal wees en hulle vir Hom ‘n volk. In Gal. 3:17 sê Paulus dat die wet, wat vierhonderd-en-dertig jaar later gekom het, nie die Abraham-verbond tot niet gemaak het nie. In vers 29 noem hy die gelowiges nakomelinge van Abraham en dus erfgename van die belofte. Die nuwe verbond is die heerlike Nuwe Testamentiese oopbloei van die Abrahamverbond. Die Here Jesus verwys na die nagmaalsbeker as die teken van die nuwe verbond. Soos die pasga oorgaan in die nagmaal, gaan die besnydenis in die ou verbond oor in die doop as inlywingsteken in die nuwe verbond.

Dit is belangrik om daarop te let dat die term doop in die NT nie altyd na die waterdoop verwys nie. Wanneer Paulus in Rom. 6:3.4 en Gal. 3:27 sê dat die gelowiges deur die doop deel kry aan Christus

se verlossingswerk, kan dit duidelik nie na die waterdoop verwys nie.  Ons word alleen deur die **geloof** in Christus ingelyf.  Die uiterlike teken kan dit alleen simboliseer, maar beslis nie bewerk nie.  Beide in die Ou en Nuwe Testament word die uiterlike teken van besnydenis of doop beskryf as slegs ‘n simbool van die innerlike verandering wat deur die wedergeboorte in ‘n mens se hart plaasvind.  In Kol. 2:11,12 verbind Paulus die besnydenis en die doop.  Hy verwys daar na die hartsbesnydenis en die geestesdoop.  Hy sê die Kolossense het die hartsbesnydenis ondergaan toe hulle deur die geestesdoop deel gekry het aan Christus se verlossingswerk. Ons lui dus af dat die waterdoop in die plek van die besnydenis gekom het.

In Romeine 4:11 word die besnydenis die teken en seël van die geregtigheid wat deur die geloof kom, genoem.  Dit is dus beslis nie bloot ‘n teken dat iemand ‘n lid van die Joodse volk is nie.  Netso dien die doop nou as teken en seël dat almal wat glo, gered sal word.  Romeine 2:28, 29 waarsku egter uitdruklik dat die uiterlike teken nie redding waarborg indien die inwendige hartsverandering nie plaasgevind het nie.  Dit is net so geldig vir die doop as vir die besnydenis.  Dis ook belangrik om daarop te let dat die doop ‘n teken is van die rots van God se belofte, nie van die sand van die mens se geloof nie.

In Handelinge 2:38,39 antwoord Petrus die Jode se vraag wat hulle te doen staan in reaksie op die evangelie deur te sê dat hulle hulle moet bekeer en laat doop, dan sal hulle vergifnis van sonde en die gawe van die Heilige Gees ontvang. Hy vervolg dan dat die belofte geld vir hulle, vir hulle kinders en vir almal wat daar ver is, die wat die Here sal roep. Duidelik is hier ‘n ego van die Abrahamverbond wat seën beloof aan Abraham, aan sy kinders en aan al die volke wat in hom geseën sal word.  Sekerlik sou sy hoorders, Jode, verstaan het dat God se beloftes ook vir hulle kinders geldig is en dat hulle dus ook die teken van die belofte mag ontvang, soos nog altyd die geval was. Vir al drie groepe word die belofte waar wanneer hulle hulle bekeer en glo.

Wanneer Petrus byvoeg, ‘die wat die Here sal roep’, kan dit taalkundig na al drie groepe verwys of na die laaste een.  Dit maak egter nie sin dat dit na die bekeerdes self sou verwys nie, aangesien hulle reeds geroep is.  Dit moet dus verwys na die wat daar ver is; dis mos gewoonlik mense wat ver is wat geroep moet word!  As Petrus wou hê die Jode moes verstaan dat hulle kinders nou eers saam met die wat ver is geroep moet word, sou hy sekerlik hierdie verbondsterminologie moes vermy.  Verder sou mens verwag dat daar uitdruklike lering oor so ‘n dramatiese verandering in God se verbond sou wees, iets wat totaal ontbreek.

Niemand kan bewys of daar kinders tydens die sg. huisdope teenwoordig was of nie was nie. Dit sou egter baie vreemd wees indien daar in geen van die huisgesinne, wat slawe ingesluit het, enige kinders was nie - en telkens word die hele gesin gedoop.  Ons meen egter dat dit duidelik is dat, ás daar kinders was, hulle ook gedoop sou wees. Ons verwys net na Hand 16:31-34 waar daar letterlik staan dat **hy** (die bewaarder) geglo het, dat **hulle** (sy huishouding) gedoop is en dat **hulle** bly was dat **hy** tot geloof gekom het.

Dit is baie duidelik dat nie almal wat besny of gedoop is uiteindelik gered is nie.  In die OT is daar Ismael, meeste Israeliete in die woestyn wat nie die beloofde land binne gegaan het nie, ens.  Heb. 3:19 en 4:2 gee die rede waarom hulle, wat wel die teken van God se beloftes ontvang het, dan tog verlore gegaan het. Hulle het naamlik nie die belofte in **geloof** ontvang nie.  Net so is daar ook in die NT die wat afvallig geword het, dink maar aan Ananias en Safira, Demas, ens.  Die doop is dus ‘n teken van God se belofte, maar die belofte word waar indien dit in geloof ontvang word.  Die Here is natuurlik almagtig en soewerein en kan reeds voor iemand se geboorte in hom werk, dink aan Johannes die Doper, maar ons kan nie maar aanneem dat ‘n verbondskind (reeds) ‘n gelowige is nie. Indien dit wel

gedoen word, word die kind as't ware inge-ent teen die evangelie. Oproepe tot bekering gaan hom verby, hy is mos reeds bekeerd.

As ons kinders as gelowiges sou reken omdat hulle die verbondsteken ontvang het, maar erken dat dit tog later kan gebeur dat hulle verlore gaan, bring dit ons in stryd met die Skrif. Die Bybel leer dat iemand net 'n ware gelowige kan wees as hy uitverkies, geroep en wederbaar is, en so iemand kan nooit verlore gaan nie want God se werk misluk nie. Fil. 1:6 sê dat God, wat die goeie werk begin het, dit ook sal klaar maak. Christus sê niemand kan die gelowige uit sy hand ruk nie. Die Dordtse leerreëls verwys na die volharding van die heiliges, maw, die wat waarlik glo, sál tot die einde toe volhard, natuurlik omdat God self hulle vas sal hou.

Wie gered word, lê natuurlik volkome in God se welbehae, en Hy red definitief ook mense van buite die verbondsgemeenskap, maar God werk as 'n reël middelik, Hy gebruik middele om sy doel te bereik. In Gen. 18:19 beskryf die Here die doel van die verbond: Hy sê dat Hy Abrahm gekies het, **sodat** hy sy kinders sal leer om die Here te dien, **sodat** Hy sy beloftes aan Abraham kan waarmaak. Hy wil dus die opvoedingsproses gebruik om vir Hom 'n volk bymekaar te maak. Die besondere posisie van kinders binne die verbond is onlosmaaklik gekoppel aan die feit dat hulle onder die gesag van hulle ouers staan en opgevoed word in die vrese van die Here. Ouers leer kinders om die Here te dien, soos wat Deut 6:6,7 en Ef. 6:1-4 voorskryf. Hieruit sien ons hoe belangrik dit is dat dit kinders van gelowiges is wat gedoop word. Net gelowige ouers kan, deur die Heilige Gees, biddend kinders in die vrees van die Here opvoed.

1 Kor. 7:14 sê dat die kinders van 'n gelowige ouer 'geheilig' is. Kan dit beteken dat so 'n kind noodwendig gered is, op grond van die geloof van die ouer, ongeag of hyself reeds tot geloof gekom het? Net daarvoor sê Paulus dat die ongelowige eggenoot ook 'geheilig' is twv die gelowige met wie hy/sy getroud is. Sekerlik kan dit nie beteken dat die ongelowige eggenoot gered word op grond van sy verbintenis met die gelowige een nie. Dus kan dieselfde term, 'geheilig' ook nie beteken dat die kind as gered gereken kan word op grond van die geloof van sy ouer nie. Die basiese betekenis van die term 'geheilig' is egter 'afgesonder'. Die ongelowige volwassene, en die kind is dus afgesonder vir besondere genade deur hulle verbintenis met die gelowige ouer. Hulle leef in die invloedsfeer van 'n gelowige, word gekonfronteer met die Woord, God se oproep tot bekering en geloof, die gelowige ouer bid vir hulle.

Besprenkeling of onderdompeling?

Die doop simboliseer reiniging van sonde deur die bloed van die Here Jesus. In die OT het die bloed van diere vooruit gewys na die bloed van die Here Jesus wat vergiet sou word. Die bloed is op onreines gesprinkel om hulle uiterlik rein te maak, die wetboek en die volk is besprinkel (Heb. 9:10-23). In Joh. 3:22-34 word 'n argument gevoer oor die doop van Johannes, en dit word spesifiek in v 25 met 'reinigingsgebruike' verbind. Verder word dikwels opgemerk dat Johannes by Aenon gedoop het omdat daar baie water was, as 'n argument ten gunste van onderdompeling. Letterlike staan daar egter eerder iets soos 'baie stroompies, watertjies'. Klaarblyklik word die omgewing dan ook gekenmerk deur baie syferfonteine.

In Mat. 21:23-27 beantwoord die Here Jesus 'n vraag oor sy gesag om die tempel te reinig, 'n priesterlike taak, deur na die doop van Johannes te verwys. Hy het aangedring dat Johannes hom moes doop om so te voldoen aan God se geregtigheid. Uit Hebreërs is dit duidelik dat Christus die groot Hoëpriester is. Die vereistes vir 'n hoëpriester was dat hy 30 jaar oud moes wees, deur God geroep is en dan met reinigingswater besprinkel moes word. Duidelik is dit wat tydens Sy doop vervul

is.  Hy was 30 en is deur God verklaar as Hoëpriester (Heb. 5:4-10).  Dit volg logies dat hy tydens sy doop deur Johannes met reinigingswater besprinkel is.

Ons is dus oortuig dat doop deur besprinkeling die Bybelse metode is.